JESUS
Die Grootste Geskenk van alle Tye

—deur dr. Peter Hammond

"As God werklikwaar Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom…aan die dood oorgegee het, is daar tog geen manier waarop Hy nie ook alle ander goeie dinge aan ons sal skenk nie." Rom 8:32

Die vader van massamotorproduksie, Henry Ford, het gesê die suksesvolste persoon is die een wat die grootste behoefte op die beste manier bevredig.

Dit lei geen twyfel dat Jesus Christus steeds die grootste Persoon is wat ooit gelewe het nie. Juis omdat Hy die grootste offer gebring het deur die grootste behoefte van die meeste mense te bevredig, is Hy steeds die grootste Persoon ooit! Die blote gedagte dat die God van die Heelal Sy Seun vir die mensdom gestuur het, is wonderbaarlik. *"God het die mensewêreld só liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die Ewige Lewe sal hê."* Joh 3:16.

"God het die mensewêreld só liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die Ewige Lewe sal hê." **Joh 3:16**

Jesus het so baie gegee

Ons wat Jesus Christus as Heer en Redder – die grootste geskenk ooit – aanvaar het, kan op 'n daaglikse basis nadink oor wat Hy vir ons gedoen het:

Ons was dood in ons oortredinge en sonde, en Jesus het gekom dat ons Lewe in oorvloed kan hê. *"Maar God se genadegeskenk is die ewige lewe wat ons deel word deur Christus Jesus ons Here."* Rom 6:23.

Ons het vergifnis en bevryding van sonde nodig. Hy het Sy Heilige Gees gestuur om ons te bemagtig om volgens Sy Wil te leef (Rom 8:1-12).

Ons het lewe, liefde en lig nodig. God is liefde, Jesus is die Weg, die Waarheid en die Lewe en Hy is die Lig van die wêreld. Hy is die oorvloedige Gewer van alle goeie dinge (Joh 10:10).

Ons het Genade – onverdiende guns – nodig en dit is in Jesus Christus wat ons die genade wat ons so ontsettend nodig het, vind. *"Dit is mos die onverdiende goedheid wat julle gered het toe julle tot geloof gekom het. En julle geloof kom nie uit julleself nie, maar is 'n gawe van God. Dit is nie die gevolg van julle dade nie. Niemand kan daaroor grootpraat nie."* Ef 2: 8-9.

Ons is verlore en Hy is die Goeie Herder wat ons die weg wys. Ons is dikwels verward en word mislei, maar Hy is die Waarheid. *"…en julle sal begryp wat die Waarheid beteken, en die Waarheid sal julle vrymaak."* Joh 8:32.

Ons is in sonde vasgevang en veroordeel, maar daar is dus geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie en *"As die Seun julle dus bevry, sal julle regtig vry wees."* Joh 8:36.

Skat ons die geskenk na waarde?

Per definisie is 'n geskenk iets wat ons nie verdien nie, maar wat ons uit iemand anders se vrygewigheid ontvang. 'n Geskenk word waardeer op grond van wie die gewer is of die waarde wat aan die geskenk geheg word. Indien jy 'n geskenk van die koningin van Engeland kry, sal jy dit hoogs waarskynlik ontsettend waardeer en die geskenk sal dadelik aan almal gewys word.

Stel jou vir 'n oomblik voor dat jy in 'n geregshof is en 'n boete moet betaal wat veel meer as 'n leeftyd se inkomste beloop. Stel jou voor iemand anders se offer betaal jou boete namens jou en jy word kwytgeskeld. Sal jy dankbaar wees? Hoe sal jy jou dankbaarheid toon? Indien daardie persoon jou sou vra om iets te doen, sal jy dit nie onmiddellik doen nie? Jesus het gesê: *"As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam uitvoer; en My Vader sal hom ook liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom tuisgaan."* Joh 14:23.

Ons Skepper, God, het al Sy Gawes op jou uitgestort. Jou lewe, jou talente. Elke oomblik van elke dag, elke asemteug en elke straaltjie sonskyn, alles, is 'n gawe uit die hand van ons Skepper. Dink aan die wonder van die Skepping, wonderlike natuurlewe, ons vriende en familieverhoudings.

Die onbeskryflike gawe van God aan ons

Jesus het die perfekte lewe – wat ek en jy veronderstel was om te leef – geleef. Hy het 'n sinnelose dood, wat ons verdien het, gesterf. Hy het die straf namens ons gedra. Hy het nie net ewige redding vir ons verkry nie, maar Hy bied ons ook die lewe as seuns en dogters in Sy Koninkryk aan – seuns en dogters van die Koning van die konings en Heer van die here!

"As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam uitvoer; en My Vader sal hom ook liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom tuisgaan." **Joh 14:23**

Het jy al jou sondes bely? Het jy al bely waar jy God se Wet verbreek het? Indien God jou op grond van die Tien Gebooie moes veroordeel, sou jy skuldig of onskuldig wees? Indien jy vandag moet sterf, sal jy Hemel of hel toe gaan? *"Soos elke mens bestem is om net een keer te sterf en daarna kom die oordeel, net so is Christus ook net een keer geoffer om baie mense se sonde weg te neem."* Heb 9:27.

Het jy al vergifnis gevra en die gawe van die Ewige Lewe deur Jesus Christus ons Here ontvang? Leef jy vreugdevol en in dankbaarheid vir Sy onverdiende guns en Genade? Vertel jy ander van die grootste Gawe ooit? Van hulle wat baie ontvang het, sal baie gevra word. Jy het vryelik ontvang, gee dus ook vryelik. Maak hierdie Kersfees jou beste Kersfees ooit deur God se gawe te aanvaar en deel van Sy familie te word en ander uit te nooi om die grootste geskenk ooit te aanvaar. *"Dank God vir Sy onbeskryflike gawe!"* 2 Kor 9:15. ■

DR. PETER HAMMOND *sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.*